education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 10

AFRIKAANS HUISTAAL V1

JUNIE 2015

PUNTE: 70

MEMORANDUM

Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Nasien van die leesbegrip:

- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die klem op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE.
- Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

AFDELING A

VRAAG 1

TEKS 1: ARTIKEL

Vraag	Antwoord	Punt
1.1	Dit moet aan Suid-Afrika grens/word deur Suid-Afrikaanse grondgebied omring. ✓	1
1.2	Die reis was nie maklik nie/mooi/Lesotho is 'n land waar dit baie reën/met bergpasse. ✓	1
1.3	Hulle is nie baie fluks nie. ✓ "donkies wat hard werk" ✓	2
1.4.	Die kaarte dui nie al die vurke in die pad aan nie. ✓	1
1.5	Nee. Die aandagstreep beklemtoon die opwindende en onbegaanbare pas. ✓	1
1.6	*bronne* ✓	1
1.7	Voordeel: Gerieflik as jy net plek soek om te slaap.✓ Nadeel: Kos is nie goed nie. ✓	2
1.8	Jy ry deur die een na die ander pas.	1
1.9	Tradisioneel: ronde hutte✓ en hulle dra tradisionele komberse. ✓ Westerse: vierkantige baksteenhuise ✓ en Westerse klere ✓	4
1.10	Hamburgerrolletjie is oud. ✓ "Patty" is nie beesvleis nie. ✓	2
1.11	In paragraafagraaf 11 sê die skrywer dis moeilik om 'n hoogtepunt te kies (figuurlike betekenis) bedoelende 'n nommer een keuse te maak, ✓ terwyl die hoogtepunt waarvan in paragraaf. 13 gepraat word die hoogste punt op die berge is. Die woord (letterlik) tussen hakies maak die stelling nie 'n weerspreking van paragraaf 11 nie. ✓	2
1.12	Die varklies was 'n heerlike ete/vleisgereg.	1

1.13	Slaapplek moet skoon wees/ Kos moet lekker wees/ Spyskaart met min maar geurige geregte/ Baie dinge om te doen/ Kamers moet warm wees/ Natuurskoon moet besigtig kan word. ✓ ✓ *(ENIGE TWEE)*	2
1.14	Leerder gee ENIGE antwoord binne konteks.✓	1
1.15	Vakansie was toe so aanloklik soos wat dit aan die begin gelyk het, want dit was 'n heerlike ervaring.✓	1
1.16	Raampie 1: vrolik/grootdoenerig/vol bravade✓ Raampie 3: (absolute) verbasing/verwonderingskok/vrees oor wat gebeur. ✓	2
1.17	Hy het hom swak uitgedruk deur te sê dat die tou aan *iets* vasgemaak moet word. ✓	1
1.18	Nee, tou opgooi beteken om moed te verloor/om op te gee.	1
1.19	Wally abseil sonder enige opleiding of ondervindig, ✓ maar by Semonkong Lodge word jy deeglik opgelei voordat jy mag abseil. ✓	2

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Nasien van die opsomming:

Sewe positiewe eienskappe van verskillende soorte vriende.

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde, skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/Beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

  Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van punte vir taal as kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1 – 3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4– 5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6 – 7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van punte vir taal as kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - 6 – 7 aanhalings: ken geen punt vir taal toe nie
  - 1 – 5 aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

Indien die formaat verkeerd aangebied word, moet die antwoord steeds nagesien word.

LET WEL:
Tel van woorde:
- Nasieners moet die hoeveelheid woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word die sin, wat die 90 aanbevole aantal woorde bereik het, klaar gelees en die res van die opsomming geïgnoreer.

Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie

In paragraafagraafvorm

'n Goeie vroueier is nie bang nie/moedig. Sy neem dapper besluite en word nie maklik kwaad nie. Vroueleiers lei deur die regte voorbeeld te stel. Sy laat ook die werkers toe om leiding te neem en volg dan. Goeie vroueleiers is kalm. Hulle sien altyd die positiewe dinge raak.

Getal woorde: 49

OF

'n Opsomming wat puntsgewys aangebied word, kan moontlik die volgende bewoording hê:

	AANHALING UIT TEKS		MOONTLIKE BEWOORDING
1.	*'n Goeie leier is nie 'n bangbroek nie. Dit beteken jy het moed om die situasie wat jy moet aanspreek by die horings te pak*	1	'n Goeie leier is nie bang nie/moedig
2.	*Leiers moet besluite neem, maar goeie vroueleiers neem dapper besluite. Jy staan jou man al weet jy dat almal nie van jou besluit gaan hou nie*	2	'n Goeie leier neem dapper besluite
3.	*As jy jou humeur verloor, verloor jou volgelinge respek vir jou. 'n Goeie vroueleier kners dus op haar tande en word nooit kwaad nie*	3	Jy moenie maklik kwaad word nie
4.	*Om van voor af te lei is ook 'n teken van 'n goeie leier*	4	Vroueleiers lei deur voorbeeld te stel
5.	*'n Goeie leier is ook 'n goeie volgeling. Jy laat die goeie werker in die groep toe om in 'n sekere situasie leiding te neem*	5	Laat ook werkers toe om leiding te neem en dan te volg
6	*Kalmte is ook baie belangrik vir 'n vroueleier. As jy kalm is, kan jy mooi dink en goeie besluite neem.*	6	Goeie vroueleiers is kalm
7	*'n Goeie leier kyk ook verby die negatiewe dinge en sien altyd die positiewe dinge in ander mense raak*	7	Hulle sien altyd die positiewe dinge raak
			Getal woorde: 59

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Dit skep die indruk dat jy by 'n ATKV-oord van die daaglikse roetine vergeet. (Leerder gee antwoord met bogenoemde antwoord)	1
3.2	Die vakansie kan baie lekker wees/baie dinge kan gedurende 'n vakansie gedoen word/die vakansie is opwindend/nie vaal en vervelig nie. ✓	1
3.3	Ja, Dit gee 'n goeie beskrywing van die verskeidenheid aktiwiteite/wat by die oorde gedoen kan word. ✓ **OF** Nee, Visuele voorstelling is so vervelig vir moderne tyd met moderne tegnologie. (*leerders gee soortgelyke antwoord. Merk BETEKENIS nie WOORDE nie*)	1
3.4	Die kaart van Suid-Afrika ✓	1
3.5	Samestelling/bestaan uit drie stamme/ bestaan uit stamme weg+breek+plek ✓ (*Enige EEN*)	1
3.6	Leerders moet 'n sin gee waarin die volgende betekenisse van streek gegee word • Nuk/slimmigheid/lis/gril • Omtrek/omgewing=omtrek van die maag • Windstreek ✓	1
3.7	Opwindende ✓	1
3.8	Alle mense verseker hulle eiendom by **'n versekeraar**. ✓ (*Om punt te verdien moet die betekenis van die persoonsnaam duidelik wees.*)	1

3.9	Die van Afrikaansprekende mense/Afrikaanssprekendes wat graag vakansie hou/Afrikaanssprekendes wat by ATKV-oorde vakansie hou. ✓ (*Antwoord moet Afrikaanssprekende mense insluit- daar is baie)*	1
3.10	Leerder gee antwoord wat binne konteks pas. Dit kan positief of negatief wees.	1

[10]

VRAAG 4: SPOTPRENT 1

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	assimilasie ✓	1
4.2	mees volwasse ✓	1
4.3	Ja. Dit bekemtoon die spreker se woorde dat die persoon nie oud genoeg is nie. ✓ (*enige antwoord met bogenoemde strekking*)	1
4.4	Stokoud/beenoud/horingoud ✓	1
4.5	Onbepaalde voornaamwoord	1
4.6	iJEUG sal jou grootmense op Facebook besig hou/foto's van hulle kos op Instagram laai/oorweldig met sosiale media/dit sal jou die vryheid gee om heeldag te doen net wat jy wil.✓	1
4.7	Al wat jy moet doen, is in iJEUG as jou ... (komma moet tussen twee werkwoorde geplaas word.	1
4.8	Al wat jy moes doen, was om iJeug as 'n wettige voog te aanvaar.	1
4.9	weer ✓	1
4.10	Die talle leesteken beklemtoon die tema van die strokiesprent/beklemtoon dat volwassenes meer aan tegnologie verknog is as kinders/vergemaklik die lees van die strokies/maak die strokies verstaanbaar. (*leerders gee 'n soortgelyke antwoord*)	1

[10]

VRAAG 5: ARTIKEL

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	Vuil uil toe nie so erg **nie**. ✓	1
5.2	Dit dui die begin van 'n nuwe lettergreep aan. ✓	1
5.3	Skertsend: teenwoordige deelwoord✓ (beide vir EEN punt)	1
5.4	berokken ✓	1
5.5	Onbepaalde hooftelwoord ✓	1
5.6	vel ✓	1
5.7	uiltjies ✓ (*antwoord moet in meervoud gegee word*)	1
5.8	Mening Die rubriekskrywer gebruik *sou ek dink* ✓ (Net die *motivering word bepunt*)	1
5.9	Verwys na 'n morsige persoon ✓	1
5.10	Ek sou daarvan hou, want dit beteken dat ek 'n aangename geaardheid het, want ek is 'n rakker. **OF** Ek sal nie daarvan hou nie, want ek is nie 'n morsige persoon/vuil nie. ✓ (*leerders gee antwoord binne konteks*)	1

[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou